# DIE CHRISTELIKE DOOP

Dr Willie Marais

AKTUA PERS

© Aktuapers (Edms.) Bpk. Posbus 7506,
Pretoria 0001
Telefoon (012) 342-1999
Alle regte voorbehou.
Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of langs enige elektroniese of meganiese weg weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat- of bandopname, mikroverfilming of enige ander stelsel van inligtingsbewaring.

Omslagontwerp: Francéne Bekker

Geset deur Photoscanlink, Pretoria,
Telefoon (012) 43-7521
Gedruk en gebind deur Nasionale Boekdrukkery,
Drukkerystraat, Goodwood, Wes-Kaap

Eerste uitgawe 1997

ISBN 1-86815-286-3

# Inhoudsopgawe

Inleiding ........................................ 1

1. Instelling van die Christelike doop ........ 8
2. Eerste Christelike doopgeleentheid ........ 11
3. Die doop is teken en seël van ons redding deur Jesus Christus ........ 29
4. Wat impliseer die herhaling van die doop? ........ 30
5. Hoe moet gedoop word? ........ 47
6. 'n Definisie van die Christelike doop ........ 56

# DIE CHRISTELIKE DOOP

## Inleiding

Daar staan geskrywe: "Daar is net één Here, één geloof, één doop..." [Ef 4:5]. En ook: "Omdat ons almal een liggaam geword het, is ons almal met die een Gees gedoop, of ons nou Jood of Griek is, slaaf of vry. Ons is almal van die een Gees deurdrenk" [1 Kor 12:13]. Die Griekse woord pantes [almal] dui daarop dat die hele gemeente gedoop is.[1] Die funksie wat die besnydenis vir die kerk van die ou verbond vervul het [vgl Gen 17:7-27; 34:14-24; Eks 12:48], is vir die kerk onder die nuwe verbond deur die doop oorgeneem. [Vgl Gal 3:1-29; Kol 2:11-13.] Daar het egter iets nuuts by gekom. Die onderskeid wat onder die ou verbond tussen Jood en nie-Jood en tussen man en vrou gemaak is, is onder die nuwe verbond deur Christus uit die weg geruim. [Vgl Ef 2:11-22; Gal 3:1-29.] Die doop het dus nou die middel geword waardeur God sy kinders tot die sigbare gestalte van sy gemeente voeg [vgl Hand 2:47] om hulle van die ongelowiges as sy eiendomsvolk te onderskei. [Vgl Hand 15:17.] Dit wat God bedoel het om sy kerk op aarde as 'n sigbare eenheid daar te stel, het egter juis die faktor geword

[1]Vgl CH. DE BEUS, De oud-Christelijke doop en zijn voorgeschiedenis, 11,128.

wat die Christendom verdeel. Die vernaamste rede vir hierdie verdeeldheid wentel om die doop van klein kindertjies. En op die punt waar ons mekaar verloor het, sal ons mekaar weer moet vind. Die leer van die doop is dus 'n ekumeniese vraagstuk en eis voortdurend die aandag van die kerk.

Die doop van klein kindertjies as kerklike gebruik, word nie in die Nuwe Testament expressis verbis, dit is: in soveel woorde, voorgeskryf of vermeld nie. Die eerste direkte getuienis daarvan word by Irenaeus [140 nC] gevind. Hy skryf van suigelinge en jong kinders [*infantes et parvulos*] wat gedoop is.[2] Hierdie stand van sake beteken egter nie dat die doop van klein kindertjies nie vanuit die Skrif aangetoon kan word nie omdat dit nie *expressis verbis* in die Skrif voorgeskryf of vermeld word nie. Want dan sal om presies dieselfde rede ook nie aangetoon kan word dat vrouens nagmaal mag gebruik nie, want die deelname van vrouens aan die nagmaal word ook nie *expressis verbis* in die Skrif voorgeskryf of vermeld nie. Daar was byvoorbeeld net mans teenwoordig toe die nagmaal ingestel is [vgl Matt 26:17-30].

Indien ons sou weier om suigelinge van gelowige ouers te doop, net omdat dit nie onomwonde in die Skrif beveel word nie, dan mag ons om dieselfde rede ook nie vrouens by die nagmaal toelaat nie. Indien ons egter vrouens by die nagmaal toelaat,

[2] Vgl Adversus haeresus II. 22,4; III. 17,1.



maar weier om suigelinge van gelowige ouers te doop, terwyl nie een van die twee gebruike *expressis verbis* in die Skrif beveel word nie, dan handel ons inkonsekwent. Dit beteken om jouself nie gelyk te bly nie. Tog sal niemand ooit beweer dat vrouens nie nagmaal mag gebruik, net omdat dit nie *expressis verbis* in die Skrif voorgeskryf of vermeld word nie, want hulle deelname aan die tafel van die Here word in sekere Skrifgedeeltes vanselfsprekend veronderstel [vgl Hand 20:7]. Die feit dat net die broers in 1 Korintiërs 11:33 aangespreek word, beteken nie dat net die broers die nagmaal gebruik het nie, net so min as wat die brief aan die "broers" in Kolosse [Kol 1:2] die vrouens en kinders uitgesluit het. [Vgl Kol 3:18-22.] Dieselfde kan ook van die doop van klein kindertjies gesê word. Al word byvoorbeeld net Lidia en ander vrouens aangespreek, word sy en haar huisgesin ongekwalifiseerd, dit wil sê, van alle ouderdomme af, gedoop. [Vgl Hand 16: 13-15.] Ons weet dat sy in die Here geglo het [Hand 16:15], maar ons weet nie eens of dit van haar huisgesin gesê kan word nie. Ons weet nie of die gesin van Lidia geglo het nie, omdat dit nie gesê word dat hulle geglo het nie, en omdat ons nie uit die gegewens in Handelinge 16:14,15 kan aflei dat hulle geglo het nie. Dit kan ook nie vanuit ander gegewens in die Skrif afgelei word nie.

Die feit dat die woord "glo" voor die woord

"doop" in Markus 16:16 staan, beteken nie dat die doop noodwendig deur die geloof voorafgegaan moet word nie, want in Kolossense 2:12 weer verskyn die woord "doop" voor die woord "glo". Ook in die geval van die heilsweg vind ons in die Bybel geen vasstaande volgorde van die sake daarin vermeld nie. [Vgl 1 Kor 1:30 met 6:11.] Die volgorde van woorde is dus nie bepalend nie. Verder weet ons dat die Griekse woorde *pisteusas* en *baptistheis* vir glo en doop in Markus 16:16 deelwoorde is, en twee deelwoorde langs mekaar dui geen opvolging of tydsorde van handeling aan nie. As ons na opvolging van handeling vra, moet die hele konteks, ook in breëre verband, daarvoor spreek. Markus 16:16 kan dus vertaal word: "Hy wat glo en gedoop word", wat daarop dui dat iemand eers glo voordat hy gedoop word. Dit kan ook vertaal word: "Hy wat glo en gedoop is", wat weer veronderstel dat iemand glo nadat hy gedoop is. Markus 16:16 dek dus ewe goed die situasie waar 'n buitestaander eers tot geloof kom en dan gedoop word [vgl Hand 18:8], maar ook dié waar die geloof op die doop volg [vgl Kol 2:11,12].

Ons weet dus nie seker of die gesin van Lidia geglo het nie. Wat ons wel seker weet, is dat die hele huisgesin vir God aanneemlik is wanneer selfs net een van die ouers in Hom glo [1 Kor 7:14]. Ons kom 'n bietjie verder na hierdie punt toe terug.



Indien ons byvoorbeeld sou weier om klein kindertjies van gelowige en gedoopte ouers te doop omdat daar nie 'n pertinente voorbeeld van só 'n doop in die Skrif vermeld word nie, en terselfdertyd met die doop van sulke kindertjies sou wag tot nadat hulle tot geloof en bekering gekom het, terwyl daar ook nie 'n pertinente voorbeeld van só 'n gebruik in die Skrif vermeld word nie, sou ons inderdaad werk met 'n dubbele standaard deur nou sus dan so op te tree. So 'n tipe optrede wat nogal dikwels in die sakewêreld voorkom wanneer gewigte nou sus dan so, nou groot dan klein is [vgl Deut 25:13,14], is 'n optrede wat in die woord van God in sterk taal veroordeel word. [Vgl Spr 20:10,23; Miga 6:9-11.] So mag kerklike sake nie hanteer word nie.

Dit staan onteenseglik vas dat 'n saak Bybels verantwoord kan wees, sonder dat daar 'n pertinente opdrag of voorbeeld daarvan in die Skrif gevind kan word, soos reeds aangetoon in byvoorbeeld die deelname van vrouens aan die nagmaal, wat sonder 'n pertinente opdrag of voorbeeld in die Skrif, wel duidelik vanuit die Skrif afgelei kan word [vgl Hand 20:7]. Net soos byvoorbeeld in die geval van die drie-eenheid van God en van Sondag, die dag van die Here, word ook nie alles oor die doop klinkklaar in die Skrif gegee nie, en behoort sake soos hierdie tot die terrein van die Teologie wat in die kerk deur stryd en moeisame besinning tot formulering gebring is.

Dit is dan ook nie vreemd dat daar oor vrae rondom die doopfont verskillende resultate gevind word nie. Verskil in uitgangspunte veronderstel verskil in resultate. So byvoorbeeld het die verskillende opvattinge aangaande kerkbegrip en verbond reeds verskillende standpunte oor die doop van suigelinge moontlik gemaak. Dit is dan ook steeds die taak en verantwoordelikheid van die kerk om sulke resultate weer en weer aan die Skrif te toets en in helder klanke rekenskap van sy leer te gee.

Dit staan vas dat God se gawes 'n werklikheid vir en deur die geloof is [vgl Rom 4:5; Ef 2:8,9]. Daarom word die heil wat in die doop aangebied word [vgl 1 Pet 3:21], nie *ex opere operato*, dit is, buite die geloof om, deel van die gedoopte nie, maar word dit deur die geloof ontvang. [Vgl Kol 2:11-13.] Die feit dat suigelinge wat gedoop word nog nie kan glo nie, vorm dus die kern van die probleem en is die vernaamste beswaar teen die doop van klein kindertjies by feitlik almal wat dit bestry. Deur hierdie beswaar word die probleem van baie wat groot gedoop is, en nogtans nie waarlik geglo het nie [vgl Hand 8:13-24], egter nie opgelos nie. As die groot gedoopte wat nog ongered is egter nie later oorgedoop word nie, stort elke beswaar teen die doop van suigelinge wat nog nie kan glo nie, soos 'n kaartehuis in duie.



Verder word ook nie rekening gehou met die feit dat die verbond van die besnydenis [vgl Hand 7:8] 'n geestelike verbond was wat die geestelike verhouding tussen God en sy volk omvat het nie [vgl Gen 17:7,8,21; 21:12; Rom 4:11; 9:4-8; 2 Kor 6:16-18; Gal 3:16,17; 4:29-31]; dat die besnydenis 'n teken en seël van hierdie geestelike verbond was nie [vgl Gen 17:7-14,21; Rom 4:11], en dat God beveel het dat 'n seuntjie van ag dae oud besny moes word [Gen 17:12], dit wil sê, op 'n tyd dat hy self nog nie kon glo nie. Die kind is egter nie outomaties gered omdat hy die teken van die verbond ontvang het nie. Die beslissende vraag was steeds of hy die besnydenis van die hart ontvang het. [Vgl Rom 2:28-3:4; 9:4-8.] Die besnydenis is dus aan die kindjie bedien met die oog op die toekoms, met die bedoeling dat hy later sal glo en tot bekering sal kom. [Vgl Rom 3:30; Deut 30:6.] Daarom is die besnedene steeds kragtens die besnydenis tot bekering en geloof opgeroep [vgl Jer 4:4]. Dieselfde reël geld ook vir die doop van suigelinge onder die nuwe verbond. Hulle word ook gedoop met die oog op die toekoms, met die bedoeling dat hulle later sal glo en tot bekering sal kom. [Vgl Kol 2:11-13; Rom 6:3-11.]

# 1. Instelling van die Christelike doop

1.1 Die Christelike doop is deur Christus ingestel. [Vgl Matt 28:18-20; Mark 16:15,16.] Die heel eerste keer toe die Christelike doop bedien is, was op Pinksterdag. [Vgl Hand 2:36-42.]

1.2 Die besnydenis van Jesus op die agste dag [Luk 2:21] en sy doop deur Johannes die Doper in die Jordaan [Mark 1:9] toe Hy omtrent dertig jaar oud was [vgl Luk 3:23], is beskrywend en nie voorskriftelik nie, want Jesus self het omtrent drie jaar later die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker het Hy dit vir goed weggeneem [Kol 2:14]. Daarom het Paulus daarna die besnydenis vir alle mense belet en geskryf dat elkeen wat hom laat besny verplig is om die "hele wet van Moses" te onderhou [vgl Gal 5:1-3]. Die "hele wet van Moses" is alles wat in die boek van die wet geskrywe staan [vgl Gal 3:10]. Dit omvat onder meer al die seremoniële wette soos byvoorbeeld die vier van besondere dae [vgl Gal 4:10,11], die voorskrifte oor voedsel, drank en 'n verskeidenheid van reinigingsgebruike [vgl Heb 9:10] en dus ook die doop van Johannes. [Vgl Matt 3:13-15; Luk 7:28-30; Joh 3:23-27]. Paulus skryf dat hy wat van sy sonde



vrygespreek wil word deur die wet te onderhou, sy band met Christus verbreek en die genade van God verbeur het [vgl Gal 5:1-4]. Wie sy band met Christus verbreek het, is verplig om die "hele wet van Moses" te onderhou; dit wil sê, nie net die besnydenis of twee of drie van dié voorskrifte nie, maar al die voorskrifte van die wet. Dit is 'n keuse tussen Christus met sy genade aan die een kant, of die hele wet van Moses aan die ander kant. Dit is die een of die ander. Daar is geen middeweg nie.

Indien ons egter Christus en sy genade gekies het, moet ons breek met alles in die wet wat reeds deur Christus afgeskaf is [vgl Ef 2:15; Kol 2:14]. Dit beteken dus ook 'n breuk met die doop van Johannes wat as reinigingsgebruik [vgl Joh 3:22-27] ingestel is tot die tyd dat God 'n beter orde sou instel [vgl Heb 9:10]. Daarom het Priscilla en Akwila vir Apollos, wat net van die doop van Johannes geweet het, die leer van God noukeuriger uitgelê [Hand 18:24-26], en het Paulus later mense wat reeds met die doop van Johannes gedoop was, met die Christelike doop gedoop asof hulle nog nie vantevore gedoop is nie [Hand 19:1-7]. Dit kan ons goed begryp want die ou verbond met sy insettinge was toe reeds uitgedien [vgl Heb 8:13]. En dit wat met Jesus onder die ou verbond gebeur het, kan dus nie vir ons onder die nuwe verbond as voorbeelde dien wat vandag nog deur ons nagevolg moet word nie. Wie dit doen,

het nog nie begryp dat die wet met al sy gebooie en bepalings reeds deur Christus opgehef is nie [Ef 2:15]. Jesus is ook nie met die Christelike doop gedoop nie. Die Christelike doop waarmee ons gedoop word, het Christus self eers net voor sy hemelvaart ingestel. [Vgl Matt 28:16-20; Mark 16:9-16.]

1.3 Die reinigingsgebruike van die Ou Verbond [ook wassinge of dopinge genoem – vgl Heb 9:10], verwys na dinge soos die was van die hande of voete [Eks 30:19], die bad van die liggaam [Lev 16:4], die insit van enige voorwerp in water [Lev 11:32], die afspoel van hande en voorwerpe in water [Lev 15:11,12] of met water [2 Kon 3:11], die reiniging van onrein mense of dinge deur middel van besprinkeling [Num 8:7; 19:17-22], of die doop van Johannes wat deur middel van begieting in skoon water plaasgevind het.[3] Die reiniging van 'n onreine deur 'n reine het steeds deur middel van besprinkeling of begieting plaasgevind [vgl Num 19:17-21], of deur die was van iemand se voete [vgl Joh 13:5]. Dit was alles reinigingsgebruike wat slegs die uiterlike raak en wat opgelê is tot die tyd dat God 'n beter orde sou instel [Heb 9:10]. Nooit is die onreine deur 'n reine onderdompel nie. Johannes die Doper het ook niemand onderdompel nie, want dan

[3] Vgl Eseg 36:25 – CH. De Beus, De oud-Christelijke doop en zijn voorgeschiedenis, I. 23,107.



was hy nie die boodskapper deur wie God sy volk sou reinig deur hulle met skoon water te begiet nie. [Vgl Jes 40:1-4 en Eseg 36:24-28 met Luk 3:1-6.] Esegiël het geskryf dat die Here sy volk met rein water [vgl Lev 11:36] sal begiet sodat hulle rein kan word [Eseg 36:25]. Hulle word begiet en nie onderdompel nie. Die dopeling het dus net sy skoene uitgetrek en nie sy klere nie [vgl Joh 1:27; Hand 13:25] en het in die water gestaan om deur Johannes met water begiet te word. Volgens die Skrif is fonteinwater, dit wil sê, vloeiende water of 'n versamelplek van water, rein [vgl Lev 11:36]. Daarom het Johannes direk in die Jordaan [ Mark 1:9] gedoop en by Enon naby Salim omdat daar baie fonteinwaters was [ vgl Joh 3 :23].

# 2. Eerste Christelike doopgeleentheid

2.1 Op Pinksterdag het Petrus die "Jode en ...almal wat in Jerusalem woon" [vgl Hand 2:14] toegespreek, en gesê: "Die hele Israel moet nou vas en seker weet: God het hierdie Jesus, wat julle gekruisig het, Here en Christus gemaak!" [Hand 2:36]. Petrus praat van "die hele Israel" wat Jesus gekruisig het, want die Jode het vir Pilatus gesê:

"Laat die skuld vir sy bloed op ons en ons kinders rus!" [Matt 27:25]. Die "hele Israel" was dus skuldig aan die kruisdood van Christus – man, vrou en kind.

2.2 Die mense het toe vir Petrus en die ander apostels gevra: "Wat moet ons doen, broers?" [Hand 2:37]. Daarop antwoord Petrus: "Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus, en God sal julle sondes vergewe en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang. Wat God belowe het, is vir julle en vir julle kinders en vir almal wat daar ver is, vir almal wat die Here ons God na Hom toe sal roep" [Hand 2:38,39]. Die woorde: "julle en julle kinders", dui op die bekeerdes en hulle kinders van hulle geboorte af, net soos die uitdrukking: "ons en ons kinders" in Matteus 27:25 kinders van alle ouderdomme ingesluit het. Die woorde: "almal wat daar ver is", wys na die nie-Jode [vgl Ef 2:11-13]. Dit wat op Pinksterdag in die eerste plek vir die Jood gegeld het, moet vorentoe ook op die nie-Jode toegepas word [vgl Rom 1:16], soos in die geval van die bewaarder [Hand 16:14-34]. Die woorde: "vir almal wat die Here ons God na Hom toe sal roep", beperk die mense aan wie die Heilige Gees belowe is, tot diegene wat God na Hom toe roep, maar dit sluit nie vanselfsprekend hulle kindertjies uit nie, want die Here Jesus het op 'n keer ook kindertjies na Hom toe geroep om hulle te seën [vgl Luk 18:15-17].



Dit is kindertjies wat kom, al word hulle deur ander gebring. Uit Lukas 18:15-17 is dit duidelik dat ook kindertjies op dieselfde seëninge as volwassenes aanspraak het, en uit Lukas 1:15 leer ons dat ook 'n kindjie die Heilige Gees as gawe kan ontvang.

2.3 Wat op Pinksterdag gebeur, is 'n bevestiging van die woorde van Jesus toe Hy gesê het: "So staan daar geskrywe: 'Die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan, en in sy Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word, van Jerusalem af en verder" [Luk 24:46,47]. Die oproep tot bekering [vgl Hand 2:38] gaan hier die doop vanselfsprekend vooraf, omdat hierdie mense nog nie voorheen gedoop was nie.

2.4 Die oorsprong van die kerk lê by die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees [vgl Ef 1:3-14]. Van die begin van die wêreld af tot die einde toe vergader Hy vir Hom 'n kerk. Die kerk in die Ou Testament en in die Nuwe Testament is in wese een en dieselfde [vgl Rom 11:11-24]. Die nuwe kerk het uit die ou kerk voortgevloei [vgl Rom 11:16,17]. Tog is die gemeente van Christus losgemaak van oud-Israel as die volk, as die gemeente van God [vgl 1 Pet 2:9,10]. Só gesien, het die Christelike kerk eers op Pinksterdag, met die uitstorting van die Heilige Gees sy beslag gekry [vgl 1 Kor 12:13], en almal, Jood en

nie-Jood, was dus buitestaanders wat deur middel van die doop tot die gemeente gevoeg moes word [vgl Hand 2:41,47]. Wanneer Petrus egter later, nadat die Christelike gemeentes reeds gevestig is, skryf aan mense wat "dieselfde kosbare geloof as ons ontvang het" [2 Pet 1:1], en hulle tot bekering oproep [vgl 2 Pet 3:9], vind ons geen vermelding van die doop nie. En ons kan dit begryp, want hy skryf aan mense wat reeds aan 'n Christelike gemeente behoort. Hulle was almal reeds ingewydes, dit wil sê, almal is reeds vantevore gedoop [vgl 1 Kor 12:13].

2.5 Van die kerk het Paulus byvoorbeeld gesê dat Christus die gemeente aan God gewy het, nadat Hy dit met die water en die woord gereinig het [vgl Ef 5:26]. Die hele gemeente is dus gesien as 'n gedoopte gemeente [vgl 1 Kor 12:13]. En ook klein kindertjies word in die Bybel gesien as deel van die gemeente. [Vgl Jes 40:11; Joël 2:15-17; Joh 21:15-17; Hand 20:28; 1 Kor 7:14; 1 Pet 5: 2,4.] As die Here Jesus die gemeente, waarvan die kindertjies ook deel is, met die water en die woord gereinig het, dan beteken dit meteen dat ook die kindertjies gedoop is. Ons mag dus nie die oproep van Petrus op buitestaanders om tot bekering te kom en gedoop te word [vgl Hand 2:36-39], net so op ingewydes van toepassing maak nie. Elkeen wat die beroep van Petrus op Pinksterdag op buitestaanders, ook van toepassing wil maak op



ingewydes, dit is op mense wat reeds gedoop is, hanteer die Skrif op 'n ongeoorloofde wyse. Ons mag nie 'n woord losmaak van die verband waarin dit gebruik word nie. Trouens, die verband waarin dinge gesê word, bepaal die sin van wat gesê word.

2.6 Jesus het byvoorbeeld vir die mense in Palastina gesê: "As julle 'n wolk in die weste sien opkom, sê julle dadelik: 'Dit gaan reën!' en dit gebeur ook. En as die suidewind waai, sê julle: 'Dit gaan warm word!' en dit word warm" [Luk 12:54,55]. Hierdie opmerking van Jesus het egter alleen op die land Palastina betrekking. Op ander plekke werk die wind en die wolke anders. Net so, kan die waarskuwing in 2 Tessalonisense 3:10: "As iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie", nie op kindertjies van toepassing gemaak word nie. Dit gaan hier oor volwassenes wat weier om te werk, en nie oor klein kindertjies wat nog nie kan werk nie. Ons sien dus dat opdragte en stellinge in die Skrif volwassenes en suigelinge vanselfsprekend verskillend raak. As die Bybel byvoorbeeld sê: "...wie nie glo nie, sal veroordeel word" [Mark 16:16], beteken die woorde nie dat kindertjies wat nie kan glo nie, veroordeel sal word nie, maar wys dit na mense van wie rekenskap geëis kan word. Ons moet die Bybel dus nooit op die klank af lees nie. Ons moet steeds vra: Waar en aan wie word iets

gesê? Vir die buitestaander kry ons dus eers die oproep tot bekering en dan die doop [vgl Hand 2:36-42], of ook eers die geloof en dan die doop [vgl Hand 18:8], maar vir die ingewyde weer kry ons eers die vermelding van die doop en dan van die geloof [vgl Kol 2:11-13]. Ons word begrawe deur die doop en opgewek deur die geloof [Kol 2:12]. Die opwekking volg logies en kronologies op die begrafnis; dit kan nie andersom nie.

2.7 Vir die buitestaander is die oproep tot bekering dus die beginpunt en die doop die eindpunt van die boodskap [Hand 2:36-39]. Vir die ingewyde is die doop die vertrekpunt en die bekering die eindpunt van die boodskap [vgl Rom 6:3-11], net soos die besnydenis die vertrekpunt vir die oproep tot geloof en bekering was. [Vgl Jer 4:4; 9:25,26; Rom 3:30.]

2.8 Die oproep tot die buitestaander om tot bekering te kom en hom te laat doop, sluit egter nie die doop van sy kinders vanselfsprekend uit nie. Letterlik vertaal, sê Petrus: "Bekeer julle, en word gedoop, elkeen van julle" [Hand 2:38]. Die werkwoord "word gedoop", is in die passief geskrywe. En die passiewe gebruik van die werkwoord vereis nie noodwendig eie inisiatief nie. Dit kan byvoorbeeld ook die suigeling, oor wie daar besluit word dat hy gedoop moet word, insluit. Die woorde "elkeen van



julle", beteken almal sonder uitsondering. [Vgl Matt 16:27; Luk 13:15.] Niemand word uitgesluit nie.

2.9 Die woorde "elkeen van julle", dui ook nie vanselfsprekend op slegs dié wat hulle bekeer het nie, maar kan ook hulle kinders van alle ouderdomme insluit, want Petrus sê voorts: "Wat God belowe het, is vir julle en vir julle kinders en vir almal wat daar ver is, vir almal wat die Here ons God na Hom toe sal roep" [Hand 2:39]. Wat God belowe het, is die Heilige Gees as gawe [Hand 2: 33]. En die vergadering aan wie die gawe van die Heilige Gees belowe is, het onder meer ook "kinders" en "selfs dié wat nog drink", ingesluit [vgl Joël 2:15,16,28]. Die gawe van die Gees is dan ook die Gees van die verbond [vgl Jes 44:3; 59:21] wat reeds met Abraham gesluit is, en in Christus in die nuwe verbond sy vervulling gevind het, sodat ons deur die geloof die Gees kan ontvang wat God beloof het [Joh 7:37-39; Gal 3:14]. Dit is dié verbond waarvan klein en groot, dit wil sê, elke stand, geslag of ouderdom deel uitmaak [Jer 31:31-34; Heb 8:6-11]. Al word daar nie pertinent gesê dat klein kindertjies op Pinksterdag gedoop is nie, kan nietemin uit die woorde van Petrus in Handelinge 2:38,39 afgelei word dat hulle gedoop moet word. Die feit dat ons afleiding korrek is, word bevestig uit wat later met

Lidia gebeur het. Toe sy tot geloof gekom het, is sy en haar huisgesin ongekwalifiseerd gedoop [Hand 16:14,15]. Dit sluit alle ouderdomme vanselfsprekend in. Indien in haar gesin dalk nie klein kindertjies was nie, is die beginsel in elk geval deur hierdie voorbeeld gelê, dat geen persoon wat lid van 'n bepaalde gesin is, van die doop uitgesluit mag word nie. Die woord vir huisgesin [oikos], het in die Bybel 'n omvangryke betekenis: dit het ouer, kind en kneg ingesluit. [Vgl Gen 17:27; Fil 4:22.]

2.10 Die verwysing na die "kinders" in vers 39 sien nie alleen op die verre nageslag nie, maar wys spesifiek ook na die kinders van dié ouers wat gedoop is. Reeds die aansporing van Petrus: "Laat julle red tussen hierdie ontaarde mense uit" [Hand 2:40], wys in hierdie rigting. Ook die "kinders" moes gered word. Ook die kinders was skuldig aan die bloed van Christus. [Vgl Matt 27:25; Hand 2:36.]

2.11 Uit Handelinge 2:41 kan 'n paar dinge afgelei word:

2.11.1 As gesê word dat dié wat die woorde van Petrus aangeneem het, gedoop is, kan dit beteken dat dié wat nie sy woorde aangeneem het nie, nie gedoop is nie. Woorde wat insluit sluit ook uit. Die feit dat daar 'n bietjie verder in vers 47 gesê word dat die Here elke dag dié "wat gered word" by die gemeente



gevoeg het, beteken dat daar op Pinksterdag in Jerusalem meer as net dié drie duisend mense [vgl Hand 2:41] was, wat gered kon word. Die woorde beteken dus doodgewoon dat die Israeliete nie almal voor die voet gedoop is nie; hulle moes eers die boodskap van Petrus aanvaar het. Hulle moes dus eers self die inisiatief neem en instem om gedoop te kon word. Die verwysing na "dié wat sy [dit is Petrus se] woorde aangeneem het", kan egter doodgewoon sê dat nie al die Israeliete in Jerusalem op dié dag gedoop is nie, sonder om daarmee te sê of die gedooptes se kindertjies gedoop of nie gedoop is nie. Die doop, al dan nie, van klein kindertjies kom dan hier nie in die gesigsveld nie, en word vir die oomblik eenvoudig buite rekening gelaat.

2.11.2 Dit kan egter ook beteken dat die klein kindertjies wat nog nie in staat was om die woorde van Petrus aan te neem nie, ook van die doop uitgesluit is. Hierdie afleiding hoef egter nie vanselfsprekend gemaak te word nie, want daar word byvoorbeeld op 'n ander plek gesê dat die Israeliete deur die geloof deur die Rooisee getrek het [vgl Heb 11:29], en dit het hoegenaamd nie die klein kindertjies, wat nog nie kon glo nie, van die deurtog uitgesluit nie. Wanneer Paulus skryf "aan almal in Kolosse wat aan God behoort; getroue broers in Christus" [Kol 1:2], beteken dit nie dat die gemeente

in Kolosse uit net "broers" bestaan het nie, want 'n bietjie verder in dieselfde brief word ook die vrouens, kinders en slawe aangespreek [Kol 3:18-22]. Net so, as Handelinge 2:41 sê dat "dié wat sy [dit is Petrus se] woorde aangeneem het", gedoop is, beteken dit ook nie vanselfsprekend dat net dié wat sy woorde aangeneem het, gedoop is nie, want toe Lidia 'n bietjie later in Handelinge die woorde van Paulus aangeneem het, is gesê, dat "sy en haar huisgesin" gedoop is [Hand 16:14,15]. Die doop-gebeure in Handelinge 16 is in meer besonderhede beskrywe as in Handelinge 2. So word sake meermale in die Skrif opgeteken. Genesis 1:27 sê byvoorbeeld dat God die mens as man en vrou geskep het, en eers in Genesis 2:7- 24 word die skepping van die mens, as man en vrou, in meer besonderhede beskrywe. As Markus byvoorbeeld sê dat dié wat geëet het "omtrent vier duisend" was [Mark 8:9], dan sê Matteus meer spesifiek dat daar vier duisend mans geëet het, afgesien van die vrouens en kinders [Matt 15:38]. Die "omtrent vier duisend" in Markus 8:9 word dus in Matteus 15:38 as mans, vrouens en kinders omskrywe. Dieselfde kan uit die woord "mense" in Handelinge 2:41 afgelei word. Dit kan sien op mans, vrouens en kinders.

2.11.3 Die feit dat daar gerapporteer word dat daar op daardie dag omtrent drie duisend "mense"



[psuchai – siele] by die getal van die gelowiges, dit is die honderd en twintig van Handelinge 1:15, gevoeg is, in plaas daarvan om te sê, dat dié wat die woorde van Petrus aangeneem het by die gelowiges gevoeg is, kan goedskiks beteken dat daar ook diegene was wat nie die woorde van Petrus aangeneem het nie, en tog ook by die gelowiges gevoeg is, soos byvoorbeeld klein kindertjies wat nog nie in staat was om sy woorde aan te neem nie.

2.11.4 Indien daar pertinent gesê is dat dié wat die woorde van Petrus aangeneem het, by die gemeente bygevoeg is, dan sou dit waarskynlik die klein kindertjies uitgesluit het. Maar dit word nie só gestel nie. Daar word ongekwalifiseerd van "mense" gepraat wat deur die doop tot die kring van die gelowiges gevoeg word. En die woord "mense" of "siele" skep ruimte dat dié wat nie in staat was om die boodskap te aanvaar nie, ook gedoop kon word.

2.12 In Handelinge 2:47 word verwys na mense wat "gered word". Dié Griekse woorde tous sōzômenous kan ook vertaal word: "die wat op die weg van redding geplaas word." [4] Hulle is nog nie gered nie, maar is gered in hoop. Die woorde dek volledig 'n klein kindjie wat gedoop is. Sy doop wys op toekomstige geloof [vgl Kol 2:12] en toekomstige

[4] Vgl J.R. Lumby: The Acts of the Apostles, p 108.

bekering [vgl Rom 6:3-11], presies soos dit met die kinderbesnydenis die geval was [vgl Rom 3:30].

2.13 Die vertaling: "die wat op die weg van redding geplaas word", dek ook volledig die situasie waar selfs net een van die ouers tot geloof gekom het, maar die hele gesin as gevolg daarvan vir die Here aanneemlik is [vgl 1 Kor 7:14], en die hele gesin as gevolg daarvan dan en daar gedoop word [vgl Hand 16:14,15], dit wil sê, tot die gemeente gevoeg word [vgl Hand 2:47]. Die bewaarder van Handelinge 16:27-34 is 'n goeie voorbeeld hiervan. Letterlik vertaal, lees ons in Handelinge 16:34: "Hy en sy hele huisgesin was bly dat hy tot geloof *[pepisteukōs]* in God gekom het." Daar word slegs van sy geloof melding gemaak. Maar hy en al sy mense is dan en daar gedoop. Letterlik staan daar geskrywe: "die-van hom-almal", dit is almal wat aan hom behoort het, dit wil sê, al sy mense sonder onderskeid en sonder enige ouderdomsbeperking. Die woord "mense" sluit dus ook die kindertjies van die gelowige gedoopte ouers in; kinders wat op dié stadium nog nie tot bekering kan kom nie, maar nietemin op die weg van redding geplaas word [vgl 1 Pet 3:21], deurdat God hulle deur die doop by die gemeente gevoeg het [Hand 2:47]. Die woord "mense" sluit dus nie net die gelowiges in nie, maar



saam met hulle, ook hulle kinders en almal wat aan die gesin behoort [vgl Hand 16:33].

2.14 In die lig van die voorbeelde in die Skrif van Lidia [Hand 16:14,15] en van die bewaarder [Hand 16:30-34], waar saam met die gelowige ouer die hele gesin en al hulle mense, sonder enige verdere kwalifikasies, dit wil sê, man en muis, sonder enige ouderdomsbeperking, dan en daar gedoop is, het dit wat volgens die woordgebruik in Handelinge 2:38,39,41 en 47, teoreties wel moontlik is, ooreenkomstig die getuienis van die Skrif, in die praktyk 'n werklikheid geword. Die praktiese voorbeelde in die Skrif wys dus uit hoe die aanvanklike opdrag van Petrus op Pinksterdag insake die doop verstaan moet word.

2.15 In die lig van hierdie voorbeelde in die Skrif [vgl Hand 16:14,15,33], kry ons dus in Handelinge 2:38,39 'n duidelike opdrag dat ook die kinders van gedoopte ouers, en almal wat deel is van die betrokke huishouding, saam met die gelowige ouer dan en daar gedoop moet word. En dit wat waar is van die kinders van diegene wat as buitestaanders tot die gemeente toetree, is des te meer waar van die kinders van hulle wat reeds aan die gemeente behoort. Nooit mag sulke kinders soos buitestaanders, of soos

heidene, behandel word , en sodoende van die kerk uitgesluit word deur hulle nie te doop nie.

2.16 Die nie-doop van die kinders van gelowige ouers, sal in die praktyk daarop neerkom dat sulke kinders as 't ware van die kerk, dit is van die liggaam van Christus [1 Kor 1:2; 12:27], afgesny word. Daar staan geskrywe: "Die ongelowige man is by God aanneemlik deur die band met die gelowige vrou, en die ongelowige vrou is by God aanneemlik deur die band met die gelowige man. Anders sou julle kinders heidene wees, maar nou behoort hulle aan God" [1 Kor 7:14]. En as die kinders nie heidene is nie, en aan die Here behoort, dan behoort hulle in 'n bepaalde sin reeds van hulle geboorte af [vgl Eseg 16:20] aan die gemeente. Die kerk, as liggaam van Christus, word nie deur die doop as sodanig gekonstitueer nie, want die dopeling word deur die doop in 'n reeds bestaande liggaam geïnkorporeer. Uit Efesiërs 5:25,26 is dit duidelik dat die gemeente reeds daar is voordat dit deur die waterbad gereinig word. In Handelinge 2:41,47 word nuwe lidmate deur die doop tot die kerk, wat die doop voorafgegaan het, gevoeg. As volgens 1 Korintiërs 7:14 die kinders van gelowige ouers nie heidene is nie, is hulle om dié rede reeds gedoop, of moet hulle om hierdie rede gedoop word, want die doop is volgens die Skrif die enigste wyse waarop iemand tot die



sigbare gestalte van die kerk gevoeg word [vgl Hand 2:41,47]. Geen ander kerklike seremonie kan hierdie funksie van die doop vervang nie.

2.17 Die doop van die kinders van gedoopte ouers is dus 'n noodsaaklikheid van 'n Goddelike voorskrif asook 'n stap van gehoorsaamheid aan die opdrag van die Here. Wie versuim om sy kind te laat doop, is dus ongehoorsaam aan die bevel van die Here. En die gebooie van die Here, sy verordeninge en sy voorskrifte moet deur ons stiptelik gehoorsaam word [Deut 6:16,17; 2 Tess 2:15; 3:14,15]; daar mag nie 'n haarbreedte van afgewyk word nie [vgl Deut 17:18-20]. Van die besnydenis het God byvoorbeeld gesê: "Elke lid van die manlike geslag wat nie besny is nie, moet van sy volksgenote afgesny word. Hy het my verbond verbreek" [Gen 17:14]. Die besnydenis van seuntjies op die ouderdom van ag dae, was dus 'n noodsaaklikheid van 'n Goddelike voorskrif waarvan nie afgewyk mog word nie. Moses het byvoorbeeld versuim om sy seuntjie te besny en God wou hom doodmaak. Dit sou gebeur het, was dit nie dat Sippora 'n klipmes gevat en haar seun besny het nie [Eks 4:24-26]. Ja, God se bevele moet stiptelik gehoorsaam word.

2.18 As dit egter van die begin af die gebruik van die kerk was, dat slegs die volwassenes en die

kinders wat tot bekering gekom het, gedoop is, en die ander kleiner kinders nie, dan sou dit beteken het dat daar in die tyd toe die Bybel sy beslag gekry het baie duisende gedoopte ouers met ongedoopte kinders moes gewees het, want die Bybel omvat die geskiedenis van die Christelike kerk tot minstens vyftig jaar ná Pinksterdag. Johannes was byvoorbeeld 'n banneling op die eiland Patmos toe hy Openbaring geskryf het [Op 1:9-11]. Die vervolging van die Christene onder keiser Domitianus, wat ook vir Johannes getref het, het volgens tradisie van 81 nC tot 95 nC geduur. Die datum van Openbaring word dus algemeen op 95 nC gestel. Dit is omtrent twee en sestig jaar ná Pinksterdag. Ja, daar moes dan in die gemeentes baie duisende sulke ongedoopte kindertjies van gedoopte ouers gewees het. Dit is egter opvallend dat niks daarvan vermeld word nie; dat daar geen voorbeelde van sulke kinders gevind word wat dan later gedoop is eers nadat hulle tot geloof gekom het nie; dat daar geen navraag daaroor of geen voorskrif in dié verband gegee is nie. Die Bybel praat nie van sulke ongedoopte kinders van gedoopte ouers nie.

2.19 Wanneer Tertullianus [ 200 nC ] pleit dat met die doop van kindertjies gewag moet word tot op die ouderdom van sewe jaar [in de bapt 18], dan wend hy hom teen 'n reeds gevestigde algemene gebruik van



die kerk. In 'n latere geskrif van hom [de anima 20.39,40] het Tertullianus hierdie standpunt van hom blykbaar laat vaar. Dit kom hier voor dat hy in De anima na aanleiding van 1 Korintiërs 7:14 en Johannes 3:5 die doop van klein kindertjies doodgewoon aanvaar en sy kritiek in De baptismo nie meer ophaal nie.[5] Hierdie twee standpunte van Tertullianus word deur sommige egter só verstaan, dat hy alleen by nie-Jode wat tot die Christendom bekeer word, met die doop van hulle kindertjies wou wag tot op sewe jaar, maar dat die doop van die kindertjies van hulle wat reeds Christene was, vir hom vanselfsprekend was.

2.20 Indien die kerk aan die begin nie die suigelinge van gedoopte ouers sou gedoop het nie, moes die kerk geleidelik of skielik tot die "nuwe praktyk" oorgegaan het om ook suigelinge te doop. So 'n drastiese verandering op 'n kerklike handeling veronderstel noodwendig pleitbesorgers vir so 'n ingrypende nuwe gebruik. Maar ons vind geen, ja, geen pleitbesorger wat pleit dat die kindertjies van gelowige gedoopte ouers ook gedoop moet word nie. Die enigste aanvaarbare rede vir die afwesigheid van sulke pleitredes moet daarin gesoek word, dat dit nie nodig was nie omdat sulke klein kindertjies reeds van die begin af saam met hulle ouers gedoop is. Op

[5] Vgl G.C. Berkouwer, Karl Barth en de kinderdoop, p. 33

grond van hierdie feit alleen staan dit onteenseglik vas dat dit van die begin af die praktyk van die kerk was om kindertjies van gelowige gedoopte ouers te doop.

2.21 Die gesamentlike getuienis van die kerkvaders bevestig bogenoemde afleiding. Hippolytus [140 nC - in s.u.S 86] en Origenes [185 nC - in Rom v 9] het al verklaar dat die kerk in navolging van die apostels die kindertjies van gelowige ouers doop. Augustinus [354 nC] skryf in drie van sy werke, dat die universele gebruik van die kerk om kindertjies te doop, nie die gevolg is van een of ander kerklike besluit nie, maar dat dit van die begin af, in opdrag van Jesus en die apostels, die algemene praktyk van die kerk is.[6] Hierdie bewering van Hippolytus, van Origenes en van Augustinus, dat die kerk van die begin af die kindertjies van gelowige ouers gedoop het, is nooit deur enige tydgenoot van hulle weerlê of selfs nie eens bevraagteken nie. Mense soos Martin Luther[7] en Calvyn[8] het hierdie standpunt van bogenoemde kerkvaders onderskryf. Ja, die algemene optrede van die Christelike kerk, in verband met die doop van die kindertjies van gelowige ouers, verkondig, van die begin af, luidkeels die een boodskap: Die kinders van gelowige ouers moet gedoop word!

[6] Vgl De bapt c. Don 4.23.30,31; Sermo 294 X111,14 en Pecc mer et rem 111.X111.22; 1.XX1111.34; 1.XXV1.39.
[7] Reformatorische Schriften 8 - Schrift von der Wiedertaufe - p. 82
[8] Inst. 4.16.8



# 3. Die doop is teken en seël van ons redding deur Jesus Christus

3.1 Petrus verwys na die sondvloed, toe ag mense in die ark deur die water gered is, en skryf: "Dit dui op die doop, waardeur julle ook nou gered word. Die doop is dus nie 'n afwassing van die vuilheid van die liggaam nie, maar 'n bede tot God om 'n goeie gewete, en dit red julle op grond van die opstanding van Jesus Christus" [1 Pet 3:21]. Die reddende krag van die doop lê dus nie in die doop as sodanig nie, maar in korrelasie met die opstanding van Jesus Christus.

3.2 Die doop is nie self die werklikheid nie, maar getuig van die werklikheid en is dus om hierdie rede die teken en seël daarvan [vgl Rom 4:11]. Die bewys hiervan kry ons byvoorbeeld in die geval van Simon die towenaar. Hy is gedoop, maar was self daarna nog nie gered nie [vgl Hand 8:9-24]. Sy doop het hom dus nie gered nie. Simon is egter nie oorgedoop nie. Sy doop was 'n geldige doop, al was dit nog nie

effektief nie. Paulus leer dat die besnydenis deur Christus gebeur by die doop wanneer ons saam met Hom begrawe word. En omdat ons aan Christus verbind is, word ons ook saam met Hom opgewek deur ons geloof in die krag van God wat Hom uit die dood opgewek het [Kol 2:11,12]. Om dié rede word ons doop effektief op dié oomblik wanneer ons glo. Dit is dus nie nodig om oorgedoop te word nie. Ons word eens en vir altyd gedoop [vgl Heb 6:4]. Die Naam van die Here word eens en vir altyd oor ons uitgeroep [vgl Hand 15:17], ja, bly oor ons uitgeroep [vgl Jak 2:7]. Ons mag om dié rede nie oorgedoop te word nie. Ons kom 'n bietjie verder na hierdie punt toe terug.

# 4. Wat impliseer die herhaling van die doop?

4.1 Die oordoop van mense wat reeds vantevore gedoop is, impliseer dat hulle vorige doop geen geldige doop was nie. Die Skrif leer egter dat daar met almal wat in Christus Jesus gedoop is, iets gebeur. Paulus skryf: "Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie?" [Rom 6:3]. Goed bekyk, sê Paulus, dat dit met



almal gebeur wat in Christus Jesus gedoop is. Ons word in sy dood gedoop. En 'n bietjie verder skryf hy: "Aangesien ons met Hom een geword het in sy dood, sal ons sekerlik ook met Hom een wees in sy opstanding" [Rom 6:5]. Die Christelike doop is dus meer as net 'n blote simbool. Daar het werklik iets gebeur met almal wat in Christus Jesus se dood gedoop is; iets wat nie deur ons ontken mag word nie. En daarom mag daar nie met 'n gedoopte, wat die Christelike doop reeds ontvang het, gehandel word asof hy nie gedoop is nie.

4.2 Die doop is nie ydel en leeg om ons te bedrieg nie. Die Skrif sê dat die doop die bad van ons wedergeboorte is [Tit 3:5]; dat die doop ons sondes afwas [Hand 22:16]; dat die doop ons red [1 Pet 3:21] en dat die doop die besnydenis van Christus is [Kol 2:11,12]. Die Skrif sê dit alles, kragtens die feit dat die doop met die Gees [Tit 3:5,6], met die Naam van die Here [Hand 22:16], met die opstanding van Christus [1 Pet 3:21] en met die geloof [Kol 2:12] verbind is. Ja, selfs die geloof waardeur ons die doopgenade aanneem, word in die doopgenade gegee [vgl Kol 2:11-13; Joh 6:29,44; 1 Kor 4:7]. Die doop verenig ons nie net met die dood van Christus nie, maar ook met sy opstanding [Kol 2:12]. Daarom doen die doop aan ons kindertjies dieselfde as wat die besnydenis aan die Joodse volk gedoen het. Dit is

ongetwyfeld die rede waarom Paulus die doop "die besnydenis deur Christus" noem [Kol 2:11]. Die grond vir die doop rus dus nie op enige menslike prestasie nie. Alle roem is uitgesluit. God gee en die dopeling ontvang. En hierdie feit word juis op 'n indrukwekkende wyse in die doop van klein kindertjies gedemonstreer, want genade is iets wat aangebied word nog voordat die mens in staat is om dit aan te neem.

4.3 Om in Christus Jesus se dood gedoop te word [vgl Rom 6:3], veronderstel nog iets. Christus het eens en vir altyd gesterwe. Hy kan nie weer sterwe nie [Rom 6:9,10]. En as ons in Christus Jesus se dood gedoop is, dan is ons doop 'n teken van sy dood, en as teken en werklikheid met mekaar moet ooreenkom [vgl Heb 8:5], dan is ons doop, net soos sy dood, ook onherhaalbaar; word ons ook eens en vir altyd gedoop, net soos Hy eens en vir altyd gesterwe het.

4.4 As ons saam met die kerkvaders[9] en andere[10] aanvaar dat die Griekse woorde hapaks *fõtisthentas* [eens en vir altyd verlig geword het] in die Hebreërbrief [vgl Heb 6:4; 10:32,33] die tegniese term vir die doop is, dan beteken Hebreërs 6:4-6 dat die dopeling eens en vir altyd verlig is, dit wil sê,

[9] Vgl Justinus die Martelaar Apol 1.62

[10] G.De Ru, De kinderdoop en het Nieuwe Testament. p. 255



eens en vir altyd gedoop is; dat hy eens en vir altyd in die onherhaalbare dood van Christus Jesus gedoop is [vgl Rom 6:3-10]. Hier word dus geleer dat die verligte, dit is die gedoopte, die hemelse gawe ontvang, en deel gekry het aan die Heilige Gees, die goeie woord van God leer ken het en die kragte van die toekomstige wêreld ondervind het [Heb 6:4,5]. Petrus het byvoorbeeld op Pinksterdag in soveel woorde gesê dat die gedoopte op die koop toe die Heilige Gees as gawe sal ontvang *[lêmpsesthe* – Hand 2:38]. Die doop het steeds na die Heilige Gees geroep. Daarom is daar vir die Samaritane gebid dat hulle die Heilige Gees mag ontvang, want die Gees het nog nie op een van hulle gekom nie nie; "hulle was net in die Naam van die Here Jesus gedoop" [Hand 8:15,16]. Net so, het die Heilige Gees na die doop geroep. Petrus het op 'n keer gesê: "Hierdie mense het net soos ons die Heilige Gees ontvang. Wat kan dan verhinder dat hulle in die Naam van Jesus Christus gedoop moet word?" [Hand 10:47].

4.5 Al die gawes wat in die verligting ontvang word, dit wil sê, in die doop, word deur God gegee, en deur die gedoopte ontvang soos grond wat die reën indrink wat daarop val en daarna óf bruikbare gewasse voortbring óf dorings en dissels [Heb 6:7,8]. En as die doop nie by almal bruikbare gewasse voortbring nie, is dit duidelik dat die doop as sodanig

niemand salig maak nie. Net so was dit die geval met die besnydenis. Paulus skryf: "Nie hy is 'n Jood wat dit uiterlik is nie, en nie dit is besnedenheid wat uiterlik aan die liggaam gedoen is nie. Nee, hy is 'n Jood wat dit innerlik is, en dit is besnedenheid wat in die hart gedoen is deur die Gees, nie volgens wetsvoorskrifte nie" [Rom 2:28,29]. Daarom skryf hy 'n bietjie verder: "Hy sal die besnedenes deur die geloof en die onbesnedenes deur dieselfde geloof vryspreek" [Rom 3:30].

Die feit dat die gawes wat God in die verligting [doop] skenk [vgl Heb 6:4,5], net vir sommige tot 'n seën [vgl Heb 6:7], maar vir andere tot 'n vloek is [vgl Heb 6:8], beteken nie dat die werking van die Heilige Gees in hulle wat afvallig geword het misluk het nie, want die genade van God is onweerstaanbaar [vgl Rom 8:30; 9:19]. Dit beteken ook nie dat die beloftewoord van God aan die dopeling [vgl Hand 2:38,39; 22:16; Ef 5:25,26] vir die een wat afvallig geword het nie meer geld nie, maar moet juis daarin gesoek word dat nie almal wat van Israel afstam, werklik Israel is nie. [Vgl Rom 9:4-8.]

Presies só gebeur dit ook in die nagmaal. Die een ontvang dit tot 'n seën [vgl Matt 26:27,28], maar 'n ander eet en drink 'n oordeel oor homself omdat hy die liggaam van die Here nie onderskei nie [vgl 1 Kor 11:27-30].



So het Judas die nagmaal [Matt 26:23] en Simon die towenaar die doop [Hand 8:13] ontvang, maar nie Christus nie wat daardeur aangedui en aan die gelowiges alleen meegedeel word. Vir die ongelowige is God se woord soos musiek vir die dowe en die son vir 'n blinde. Hy het ore om te hoor, maar hy hoor nie. Hy het oë om te sien, maar hy sien nie [vgl Jes 6:9 10; Matt 13:13-15]. Ja, eers wanneer die Here die hart van die mens oop maak, gee die mens ag op wat Hy sê; glo die mens. [Vgl Hand 16:14,15.] Dit alles begin by God. Daar staan byvoorbeeld geskrywe: "Almal wat vir die ewige lewe bestem was, het gelowig geword" [Hand 13:48]; nie die ander nie. En ook: "Kyk, Ek lê in Sion 'n hoekklip, uitverkies vir die ereplek. Wie in Hom glo. word nooit teleurgestel nie." Julle wat glo, deel in hierdie eer, maar vir dié wat nie glo nie, geld die woorde: "Die klip wat deur die bouers afgekeur is, juis hy het die belangrikste klip in die gebou geword" en: " 'n klip waaroor 'n mens struikel en 'n rots waarteen 'n mens stamp." Hulle struikel omdat hulle nie aan die woord gehoorsaam is nie. So het God dit ook vir hulle bestem" [1 Pet 2:6-8]. Die goddelose kry dus nie deel aan die liggaam van Christus nie. Al word hy gedoop en al gebruik hy die nagmaal, is die teken by die doop vir hom net water en die tekens by die nagmaal net brood en wyn; niks meer nie. [Vgl Jer 9:25,26; Rom 2:28,29.]

Van Judas is byvoorbeeld gesê: "Die een wat saam met My sy brood in die skottel insteek, dit is hy wat My sal verraai. Die Seun van die mens gaan inderdaad sterwe soos daar oor Hom geskrywe staan; maar wee die man deur wie die Seun van die mens verraai word. Dit sou vir daardie man beter gewees het as hy nooit gebore was nie" [Matt 26:23,24; vgl Hand 1:18-25]. Daar staan ook geskrywe: "Wie tot geloof kom en gedoop is, sal gered word; wie nie glo nie, sal veroordeel word" [Mark 16:16]. Die gedoopte wat nog nie waarlik glo nie, is nog nie gereed om in God se rus in te gaan nie [Heb 3:19].

4.6 Die gawes van God word dus vir en deur die geloof gegee. So word ons byvoorbeeld deur die doop saam met Christus begrawe, en deur die geloof saam met Hom weer opgewek [Kol 2:12]. Die opwekking volg altyd op die begrafnis. Dit is nooit andersom nie. Die geloof volg dus logies en kronologies op die doop. Dit is altyd navolgende geloof. Ons kry dus eers die gawe en dan die geloofshand wat die gawe ontvang. Daarom sê die Bybel nooit dat ons gered word op grond van ons geloof [*dia/ek pistin*] nie, maar altyd dat ons iets deur of uit die geloof [*dia/ek pisteõs*], dit is deur middel van die geloof, deelagtig word [Ef 2:8]. Die geloof is dus die werktuig, die hand, waarmee ons God se gawes ontvang.



4.7 Natuurlik gaan die geloof of minstens die belydenis van die geloof by die buitestaander die doop vooraf [vgl Hand 8:13;18:8], maar as die ware geloof nie op sy doop volg nie, bly hierdie gedoopte in die dood soos dit met Simon die towenaar die geval was [vgl Hand 8:18-24]. Simon is egter nie oorgedoop nie.

4.8 As die grond waarop die reën geval het, dus dorings en dissels voortbring in plaas van bruikbare gewasse, dit wil sê, as die gedoopte mense nogtans afvallig word, is dit onmoontlik om hulle weer tot bekering te vernuwe deur hulle oor te doop [vgl Heb 6:4]. Dit is om "opnuut die fondament te lê, deur te praat oor die bekering uit 'n leefwyse wat tot die dood lei, of oor die geloof in God, die leer van die doop..." [Heb 6:1,2]. Kortom, dit is onmoontlik om dié gedooptes wat afvallig word, te red, deur opnuut die fondament te lê deur hulle oor te doop. Sulke mense het nie nodig om nog 'n keer gedoop te word nie, want dan sal baie mense dikwels oorgedoop moet word, want baie mense dwaal dikwels, selfs nadat hulle groot gedoop is, weer af. En die herhaling van die doop, wat dan dikwels moet plaasvind, sal van die Christelike doop 'n bespotting maak. Nee, die oplossing vir afgedwaaldes is nie die oordoop nie, maar sulke mense moet hulle toevlug neem na Hom wat 'n versoening is vir ons sondes en

vir dié van die hele wêreld [1 Joh 2:1,2]. Wie sy sondes bely en laat staan [vgl Spr 28:13], sal vergifnis ontvang [1 Joh 1:9]. Dit is trouens wat die Hebreërbrief self doen waar die afvallige tot bekering opgeroep word [vgl Heb 12:12,13].

4.9 Enige verklaring wat die woorde: "verlig word" in Hebreërs 6:4, nie op die doop laat slaan nie, sal daarop neerkom dat ons moet sê dat die verligte nie werklik ontvang het wat die Skrif uitdruklik sê hy ontvang het nie [vgl Heb 6:4,5], of anders moet ons leer dat die genade verliesbaar is. En dit weer sou beteken dat só 'n verklaring hierdie gedeelte van die Skrif in stryd bring met die res van die Bybel wat byvoorbeeld sê dat niemand ons ooit uit die hand van God kan ruk nie [vgl Joh 10:28,29; Rom 11:29].

4.10 Erger nog, om weer deur middel van die doop tot bekering vernuwe te probeer word [vgl Heb 6:6], en dus weer in die dood van Christus Jesus gedoop te word [vgl Rom 6:3], beteken, volgens die Hebreërbrief, dat dié een wat oorgedoop word, in homself die Seun van God weer kruisig en Hom in die openbaar tot 'n bespotting maak [Heb 6:6]. Die oordoop van iemand, is dan nie net 'n fout nie, maar is beslis 'n oortreding teen die persoon van Christus self, 'n sonde dus wat deur die doper en die oorgedoopte bely en reggestel moet word. [Vgl Spr 28:13.]



4.11 Iemand wat gedoop word, word gedoop in die Naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees [Matt 28:19]. Die Naam van die Here word dus oor die dopeling uitgeroep. Die uitroep van 'n naam oor iemand of iets, het in die Bybel die bedoeling dat so iemand of so iets die eiendom word van die een wie se naam oor hom of daaroor uitgeroep is [vgl 2 Sam 12:26-29]. Die gedoopte word dus die eiendom van die Here omdat sy Naam oor die gedoopte uitgeroep is. Die Griekse woord *epikeklétai* in Handelinge 15:17 vir uitroep, beteken dat dié Naam eens en vir altyd oor dié persoon uitgeroep word, en in Jakobus 2:7, beteken die woord *epikléthen* dat die Naam oor die dopeling uitgeroep bly. Volgens die Skrif mag ons iets waaroor die Naam van die Here uitgeroep is nie verontreinig nie. Dit mag nie hanteer word asof so iets nie na sy Naam genoem is nie. 'n Sodanige optrede kan die toorn van God op diesulkes afbring. [Vgl Jer 7:11-15.]

4.12 Die oordoop van iemand wat reeds gedoop is, maak om genoemde redes van die vorige doop van die gedoopte in die Naam van die drie-enige God 'n karikatuur en 'n bespotting. Meer nog, die doper en die dopeling tree op asof die Naam van die Here kragteloos en leeg was toe sy Naam vantevore oor die dopeling uitgeroep is.

4.13 Die argument dat die suigeling van sy doop niks verstaan het nie, dat sy doop om dié rede niks werd was nie, en dus geen doop is nie, gaan nie op nie, want dan sou dit ook beteken dat die seën wat die Here Jesus op 'n keer oor klein kindertjies uitgespreek het [vgl Mark 10:13-16] vir hulle niks beteken het nie, want hulle kon ook niks daarvan verstaan het nie.

4.14 Paulus vergelyk byvoorbeeld die verhouding tussen man en vrou in die huwelik met die verhouding tussen Christus en die gemeente in die doop [Ef 5:25,26]. In die huwelik byvoorbeeld word man en vrou aan mekaar verbind deur die aanroep van die Naam van die Here. In die doop word die dopeling ook aan die gemeente verbind [vgl Hand 2:47] deur die aanroep van die Naam van Jesus Christus [vgl Hand 2:38]. Die geldigheid van die huwelik hang nie af van die verstaan, die opregte bedoeling van die egpaar of die waarheid van hulle woord nie, maar van die Naam van die Here wat oor hulle huwelik uitgeroep is. Net so, hang die geldigheid van die doop nie af van die verstaan of die waarheid van die woord van die doper of dopeling, of van hulle getrouheid nie, maar van die Naam van die Here wat oor die dopeling uitgeroep is [Matt 28:19]. Trouens, die geldigheid van ons doop hang nie eens daarvan af dat die doophandeling deur die



egtheid van ons geloof moet voorafgegaan word nie, want dan sal mense herhaaldelik gedoop moet word omdat baie mense selfs nadat hulle groot gedoop is, eers waarlik tot geloof gekom het. En dan sal niemand ooit regtig weet of hy geldig gedoop is nie, want die hart van die mens is bedriegliker as enigiets anders; hy is ongeneeslik; wie kan hom verstaan [Jer 17:9]? Net God ken die hart van 'n mens [1 Kon 8:39].

4.15 Ons moet steeds onthou dat die geldigheid van die doop en die effektiwiteit daarvan nie een en dieselfde saak is nie. Iemand kan geldig gedoop wees sonder om effektief gedoop te wees [vgl Hand 8: 13-24], net soos iemand geldig besny was, maar nie effektief besny nie. [Vgl Jer 9:25,26; Rom 2:28-3:4.] En as mense, soos Simon die towenaar wat ná sy doop nog nie gered was nie en nie oorgedoop is nie, ook nie oorgedoop word nie, word hulle doop, wat dus sonder ware geloof bedien is, sodoende as geldig beskou, en word daarmee elke prinsipiële beswaar teen die doop van suigelinge, wat nog nie kan glo nie, vanselfsprekend prysgegee.

4.16 As ons mense wat as klein kindertjies gedoop is, oordoop omdat hulle nie kon glo toe hulle gedoop is nie, maar ons terselfdertyd mense wat groot gedoop is en daarna eers waarlik glo, nie ook

oordoop nie, dan is ons inkonsekwent, want dan word mense wat sonder geloof groot gedoop is, se doop as geldig beskou, terwyl kindertjies wat gedoop is, sonder dat hulle kon glo, se doop as ongeldig verwerp word. Of anders moet ons sê dat slegs die belydenis van ons geloof, en nie ons geloof nie, die voorvereiste vir die doop is wat geldig is. En so 'n standpunt sal noodwendig meebring dat elke doopplegtigheid aan onsekerheid uitgelewer word, omdat die Skrif verklaar dat alle mense leuenaars is. [Vgl Ps 116:11; Rom 3:4.] Die enigste verskil tussen suigelinge wat gedoop is, en nog ongered is, en ander wat groot gedoop en nog ongered is, is dan bloot 'n verskil in ouderdom; iets wat met die wese van die saak niks te make het nie.

4.17 Paulus verbind die doop aan die woord van God [Ef 5:26]. Dit is steeds die woord van God wat aan die teken verbind is [vgl Rom 3:1,2] en nie die woord van mense nie. God se woord maak die beloftes in die doop [vgl Rom 6:3,5] vas en seker, want God lieg nie [Tit 1:2]. Paulus verklaar voorts dat die ontrouheid van die mense nooit die trou van God kan laat ophou nie. God is betroubaar en elke mens 'n leuenaar [Rom 3: 1-4]. Al was die ouers en grootouers van koning Joas byvoorbeeld aan beide kante goddeloos, het dit die geldigheid van sy besnydenis nie vernietig nie [2 Kron 21-24]. Net so,



al was iemand se ouers en selfs sy grootouers goddeloos, en moes die doop onder sulke omstandighede nooit plaasgevind het nie, maak dit in elk geval die doop nie ongeldig nie. Dit wat nie moes gebeur nie, is nietemin geldig indien dit gebeur. Sulke gedooptes mag nie oorgedoop word nie.

4.18 Die beloftes van God in die doop is 'n versekering dat dit vir die gedoopte persoonlik bedoel is [Hand 2:38; 22:16]. Om iemand dus oor te doop, kom daarop neer dat die waaragtigheid van die beloftewoord, wat God reeds in die vorige doop gegee het, betwyfel word. Dit maak Hom tot 'n leuenaar, al is dit nie wat opsetlik bedoel word nie. 'n Mens kan egter onwetend sondig en skuldig word. Daar staan geskrywe: "As iemand sondig en teen een van die gebooie van die Here oortree, is hy skuldig al was hy nie bewus daarvan nie. Sy skuld rus op hom" [Lev 5:17]. Dit is 'n saak wat nie geïgnoreer mag word nie. Daar moet vergifnis gesoek word. [Vgl Lev 5:18,19; 1 Joh 1:9.] Daar staan geskrywe: "Wie sy sonde wegsteek, moet niks goeds te wagte wees nie; wie sy sonde bely en daarvan afsien, sal genade ontvang" [Spr 28:13].

4.19 Natuurlik kan die verskriklike ding gebeur dat 'n mens aan wie God in die doop hierdie versekering gemaak het [vgl Hand 2:38,39], tog

agterna die genade verwerp. Dit is die raaisel van die ongeloof waaragter die geheimenis van die uitverkiesing weer deurskemer. Judas het byvoorbeeld aan die nagmaal deel gehad [Matt 26:23-25], maar by die rykdom van die tafel van die Here [vgl Matt 26:26-28] het hy geen baat gevind nie, want hy is verwerp [Hand 1:25], soos dit ook vir hom bestem is [Vgl Hand 1:15-20]. Dit kan ook met 'n dopeling gebeur. Van diesulkes skryf Johannes: "Hulle het wel uit ons geledere voortgekom, maar niemand van hulle was ooit werklik een van ons nie, want as hulle werklik van ons was, sou hulle by ons gebly het. Dit moes duidelik word dat geeneen van hulle werklik een van ons is nie" [1 Joh 2:19]. Hier word dus verwys na mense wat lidmate van die kerk was, dit wil sê, gedoop is, maar geen baat daarby gevind het nie. Maar dan mag dit nie beteken dat ons die egtheid van die doophandeling laat relativeer deur 'n bepaalde visie op die uitverkiesing nie. En veral mag dit nie beteken dat ons die betekenis van die die doop self as skenking van God se versekering uithol deur dit 'n "take it or leave it"-aanbod te maak nie.

4.20 Die feit dat dinge wat deur God belowe word [vgl Rom 9:4,5], nie vir almal hoof vir hoof uitwerk nie, beteken nie dat die woord van God in hulle geval nie meer geld nie [Rom 9:6], maar sê eerder dat nie



almal wat van Israel afstam, werklik Israel is nie [Rom 9:6-8]. Hier vind ons 'n dubbele spreekwyse in die Skrif soos waar Jesus byvoorbeeld vir die Jode sê dat Hy weet dat hulle die nageslag van Abraham is [Joh 8:37,56], maar dat hulle tog nie waarlik die nageslag van Abraham is wanneer hulle nie in Hom glo nie [vgl Joh 8:39-44]. Dit is egter dinge soos dié, soos Petrus getuig [vgl 2 Pet 3:15,16], wat moeilik is om te verstaan, want dit is inderdaad so dat God Hom ontferm oor wie Hy Hom wil ontferm, en dat Hy verhard wie Hy wil [Rom 9:18]. Ja, die Here het alles gemaak met 'n doel, ook die goddelose vir die dag van straf [Spr 16:4]. Die kerk weet nie vooraf wie van die gedooptes eendag veroordeel gaan word nie. Dit is ook nie aan die kerk gegee om dit te weet nie. Die oordeel behoort aan die Here [vgl Hand 17:30,31].

Die kerk weet ook nie of die buitestaanders wat begeer om gedoop te word [vgl Hand 8:36], almal reeds gered is nie, want net God ken die hart van die mens [1 Kon 8:39]. Die kerk is genoodsaak om, na die oordeel van die liefde [vgl 1 Kor 13:7], die belydenis van die doopkandidate [vgl Hand 8:36-38] te aanvaar totdat die teendeel bewys word [vgl Hand 8:13-24]. Die kerk van die ou verbond is byvoorbeeld deur die Here beveel om al wat manlik is te besny [Gen 17:10-14]. Daarom is ook Ismael besny [vgl Gen 17:25-27], alhoewel God vooraf

bepaal het dat hy veroordeel gaan word [vgl Gal 4:22-30]. Net so, is ook Simon die towenaar deur die kerk van die nuwe verbond gedoop, alhoewel hy toe nog nie gered was nie [vgl Hand 8:13-24]. In nie een van die twee voorbeelde het die kerk oortree deur Ismael te besny of Simon te doop nie. Die kerk het elke keer gedoen wat hy verplig was om te doen. Oor die hart van 'n ander kan die kerk nie oordeel nie [vgl Heb 13:2]. Dit word nie aan ons geopenbaar nie. Daar staan geskrywe: "Wat nie geopenbaar is nie, is bekend aan die Here ons God, maar wat geopenbaar is, is vir altyd bekend aan ons en ons nageslag: ons moet lewe volgens al die woorde van hierdie wet" [Deut 29:29]. Wat God dus van ons verwag, is om aan Hom en aan sy bevele gehoorsaam te lewe. Uit die Skrif staan een saak vas: Die seëninge wat God belowe, kom steeds in 'n voorwaardelike vorm [vgl Jer 18:7-10]. Hy wat positief op die evangelie reageer, kan dus seker weet dat hy uitverkies is [vgl 1 Tess 1:4-10], maar hy wat aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die straf van God bly op hom [Joh 3:36].



# 5. Hoe moet gedoop word?

5.1 Ons vind in die Nuwe Testament geen voorskrif oor hoe gedoop moet word nie. Die wyse van die doop sal uit die beperkte gegewens in dié verband deur ons afgelei moet word. Onder die ou verbond is die onreine nooit deur die reine onderdompel nie. In die Ou Testament is op verskeie plekke aangekondig dat die Here op die vooraand van 'n nuwe bedeling die sonde van sy volk gaan afwas. [Vgl Ps 51:4,9; Jes 1:16; Eseg 36:25,26; Sag 13:1,2; 14:8.] Daar is ook aangekondig hoe dit gedoen sou word: "Ek sal reinigingswater oor julle uitgooi sodat julle rein kan word" [Eseg 36:25]. Hier word twee dinge gesê: Dit gaan rein water wees en dit gaan oor hulle uitgegiet word. Rein water is byvoorbeeld 'n versamelplek van water of fonteinwater, dit wil sê, vloeiende water [vgl Lev 11:36]. Tot op die tyd dat 'n beter orde ingestel sou word [Heb 9:10], is die as van 'n sondeoffer in 'n pot gesit en rein water dooroor gegooi. Dan is 'n hisoptakkie daarin gesteek en die onreine is besprinkel [Num 19:17-22]. Hierdie gebruik is ook 'n wassing of 'n doop genoem [Heb 9:10]. Die ou bedeling gaan egter afgesluit word wanneer die Here

reinigingswater, dit wil sê, rein water sonder die as van 'n sondeoffer, oor mense laat gooi om hulle te reinig [vgl Eseg 36:25].

5.2 Met die volheid van die tyd het God deur Johannes die Doper die volk met skoon water gereinig toe hy die doop tot vergifnis van hulle sondes aan hulle bedien het [Luk 3:2-6]. Johannes die Doper was die eerste persoon wat op dié wyse gedoop het deur rein water oor die dopeling te giet toe hy begin het om direk in die Jordaan te doop [Mark 1:9,10], of by Enon naby Salim omdat daar "baie waters" [*udata polla*], dit is fonteinwaters, was [Joh 3:23]. Indien hy rein water in 'n pot gegooi en dan gedoop het, sou niemand die verskil tussen sy doop en die ou gebruik [vgl Num 8:5-7; 19:17-21] agtergekom het nie. Sy metode om in 'n rivier, dit is om direk in rein water te doop, is waarskynlik die rede waarom die priesters en die Leviete vir Johannes gevra het: "Nou maar waarom doop jy dan as jy nie die Christus is nie en ook nie Elia nie en ook nie die Profeet nie?" [Joh 1:25]. Hulle het uit die Skrif geweet dat die koms van die Messias op dié wyse voorafgegaan sou word [Eseg 36:25,26; Sag 13:1; 14:8] en dat dié tyd sou saamval met die Elia wat sou kom [vgl Mal 4:5,6].

5.3 Johannes die Doper se optrede het dus sowel die einde van die ou bedeling as die begin van die



nuwe aangekondig. [Vgl Matt 11:12; Joh 1:25-34; Hand 1:22; 13:24,25; 18:24-26; 19: 1-7.] Jesus het byvoorbeeld gesê: "Al die profete en die wet het tot op Johannes geprofeteer" [Matt 11:13]. Hy het ook gesê dat Johannes "die Elia" is wat sou kom [Matt 11:14]; dit beteken: "in dieselfde gees en krag as Elia" [Luk 1:17]. Hy is dus dié een wat deur God gestuur is om te doop deur reinigingswater op die volk te giet om hulle te reinig. [Vgl Eseg 36:25,26; Joh 1:19-34.] Die doop van Johannes het dus deur middel van begieting in rein water geskied.

5.4 Die woord vir onderdompeling *[kataduein]* vind ons nie in die Nuwe Testament nie. Dit is ook nie prakties moontlik vir 'n doper om 'n groot mens te onderdompel nie. Daarom loop die dopeling self die water in totdat hy halflyf of tot driekwart toe onder water is. Die doper druk slegs dié gedeelte van sy liggaam wat nog nie onder die water is nie, in die water in. Die dopeling het hom dus halfpad of driekwart self onderdompel.

5.5 Die gedeeltes in die Skrif wat sê dat mense in 'n rivier [vgl Mark 1:9,10] of die Etiopiër in water gedoop is [vgl Hand 8:36-39], sê slegs dat hulle in water gestaan het toe hulle gedoop is, maar sê nie hoe die doop plaasgevind het nie. As ons byvoorbeeld uit hierdie beperkte gegewens, soos byvoorbeeld by die doop van die Etiopiër,

onderdompeling wil aflei, moet ons beweer dat albei, die doper en die dopeling, onderdompel was, want daar staan geskrywe dat "albei in die water in gegaan" het en dat "hulle" weer uit die water gekom het [vgl Hand 8:38,39]. Al wat ons weet is dat die doper en die dopeling albei in die water in gegaan het en dat hulle albei weer uit die water gekom het, maar daar word nie gesê op watter wyse die doop plaasgevind het nie.

5.6 Die doop van die Etiopiër deur Filippus in water, is die enigste voorval waar daar in die Nuwe Testament vermeld word dat die doper en die dopeling in water gestaan het toe die Christelike doop bedien is, presies soos Johannes gedoop het. Hierdie optrede van Filippus is egter beskrywend en nie voorskriftelik van hoe die Christelike doop moet plaasvind nie. Alle voorbeelde in die Skrif is nie voorskriftelik nie. Petrus het byvoorbeeld op 'n keer op die dakstoep van 'n huis gebid [Hand 10:9]. Dit beteken nie dat ons deur hierdie voorbeeld van Petrus beveel word om ook op 'n dakstoep te bid nie, want by 'n ander geleentheid het mense binne-in 'n huis gebid [vgl Hand 12:5-12]. Net so is die voorbeeld van die doop van die Etiopiër nie 'n voorskrif van hoe die Christelike doop bedien moet word nie, want Paulus is 'n bietjie later in 'n huis gedoop [Hand 9:10-18] en die bewaarder in 'n gevangenis [Hand 16:32-33].



5.7 Ook die woord "begrawe" help ons nie om oor die metode van doop duidelikheid te kry nie. Paulus skryf: "Deur die doop is ons immers saam met Hom in sy dood begrawe..." [Rom 6:4]. Hy word nie saam met ons in die doop begrawe nie. Dan sou dit op onderdompeling gesien het. Nee, ons word saam met Hom in sy dood begrawe; nie in sy graf nie. Die Christelike doop wys nie na sy graf nie. Hy is nie meer in sy graf nie. Hy het opgestaan [vgl 1 Kor 15:1-4]. Sy graf is leeg. Hierdie gedeelte praat dus nie van die metode van die doop nie, maar wys na die wese van die doop, na dit wat met ons in die doop gebeur.

5.8 Die uitdrukking "ons liggame is gewas met skoon water" [Heb 10:22], en die woorde van Ananias vir Paulus: "Kom, laat jou doop en jou sondes afwas" [Hand 22:16], help ons ook nie, want die woord vir was of afwas, word ook gebruik vir die was van ons gesig [Matt 6:17], om die wonde van iemand te was [Hand 16:33] of selfs die was van 'n lyk [Hand 9:36,37], en in dié gevalle kan die woord onmoontlik onderdompeling beteken.

5.9 Die woord *baptizo* [doop] beteken in die Nuwe Testament gedeeltelike onderdompeling waar 'n vinger in water [Luk 16:24] of 'n stukkie brood in sous gedruk word [Joh 13:26]. In Handelinge 1:5

verwys die woord *baptizo* na die uitstorting van die Heilige Gees [Hand 2:17], toe die Gees op die mense geval het [vgl Hand 11:15]. Niemand is in die Gees onderdompel nie. Die Heilige Gees het na hulle toe gekom [vgl Joh 16:7; Hand 2:33]; nie hulle na die Gees toe nie – 'n handeling wat nie as onderdompeling beskryf kan word nie.

5.10 In 1 Korintiërs 10:2 word gesê dat die Israeliete in die see gedoop is *[ebaptisantô]*. Nou weet ons dat die Israeliete op droë grond deur die see getrek het en dat die water weerskante van hulle soos 'n muur gestaan het [Eks 14:22,29; Heb 11:29]. Daar het moontlik geen druppel water op hulle geval nie. En tog word gesê dat hulle "in die see" gedoop is; word dit as 'n doop *[baptizo]* beskryf. Ook die ruiter van Openbaring 19:13, wie se klere met bloed deurweek was *[bebammenon]*, se klere is met bloed deurweek omdat die nasies se bloed daarop gespat het [vgl Jes 63:1-3]. Weer eens 'n doop deur middel van bespatting. Die woord *baptizo* beteken in die Nuwe Testament allermins onderdompeling.

5.11 Die dissipels was vir ongeveer drie jaar besig om op 'n soortgelyke wyse as Johannes die doper te doop. Johannes het gedoop deur reinigingswater op die dopeling te giet [vgl Eseg 36:25]. Op Pinksterdag gaan die apostels doodgewoon voort om te doop sonder dat vermeld word hoe hulle gedoop het. Elke



keer as daar 'n iets nuuts gekom het, moes die nuwe saak deur 'n opdrag aangekondig word [vgl Matt 28:19]. Tot op die tyd dat daar geen nuwe opdragte was nie, soos byvoorbeeld in die geval van die besnydenis, is op die ou manier van doen voortgegaan [vgl Hand 16:1-3], totdat die praktyk probleme geskep het [vgl Gal 2:1-5], of nuwe besluite daaroor geneem is [vgl Hand 15:1-29], of totdat daar 'n pertinente verbod op die ou gebruik geplaas is [vgl Gal 5:1-4]. Ons sien dus dat die oorgang van die oue na die nuwe nie altyd oornag plaasgevind het nie, maar dat dit minstens in sommige gevalle geleidelik gekom het.

5.12 Ons kan dus met stellige sekerheid aanvaar dat die apostels voortgegaan het om die dopelinge deur middel van begieting of dan ook besprinkeling te doop omdat daar geen verbod op die ou metode van doop gekom het nie en ook geen nuwe gebod gegee is nie. Dit sou egter spoedig duidelik word dat die doper en dopeling nie meer in water hoef te staan [vgl Hand 8:36-38] om die dopeling te begiet nie, aangesien Paulus in 'n huis [Hand 9:10-18] en die bewaarder in 'n gevangenis gedoop is [Hand 16:30-33]. Daarmee is ook van die gebruik van skoon water [vgl Eseg 36:25], afgesien. Enige soort water sou voortaan in orde wees. Die reinigingswater [vgl Lev 11:36] was nog tipies 'n Ou-Testamentiese gebruik

[vgl Num 19:17-21]. Die wet met sy insettinge is egter deur Christus vir altyd afgeskaf. [Vgl Ef 2:15; Kol 2:14; Heb 9:10.]

5.13 Die beskikbare materiaal van die vroeg-Christelike kerk dui daarop dat die kerk in die metode van sy doopbediening hom tot 'n oorgieting met water bepaal het, maar wat die betekenis betref dit as 'n "onderdompeling" beskryf het.[11] Dit is dus 'n "onderdompeling" wat deur begieting plaasvind.[12] Hierdie spreekwyse kom ooreen met die spreekwyse in Hebreërs 10:22 wat van twee dinge praat: i. Die reiniging *[rantizo* – besprinkeling] van ons hart, wat verband hou met die reiniging deur die bloed van Christus [vgl Heb 9:13,14], wat as 'n besprinkeling met die bloed van Christus beskryf word [vgl Heb 12:24; 1 Pet 1:2], en ii. Die was *[luo]* van ons liggame, wat verband hou met die afwas van ons sondes in die doop [vgl Hand 22:16]. Dit is dus 'n wassing wat nie net met die besprinkeling ooreenkom nie, maar wat deur die besprinkeling met die bloed van Christus veroorsaak word. En terwyl die woord vir was of afwas *[luo]* in die Skrif op totale reiniging dui [vgl Hand 22:16], maar nie noodwendig op onderdompeling nie [vgl Matt 6:17; Hand 9:36,37; 16:33], kan die Bybelse spreekwyse

[11] A.F.N. Lekkerkerker, Doe aan mij een teken ten goede, p 16

[12] Gregorius, Homilia IV, 1133,1136,1137,1173,1186; Tertullianus, De bapt V1, V11, X11; Cyprianus, Ep. 69, 1,12.



hier as *pars pro toto* gekwalifiseer word. Dit beteken 'n gedeelte ter wille van die geheel. [Vgl Gen 17:11; Jes 63:1-3; Joh 13:8-10; Op 9:4.] Dieselfde kan van die vroeg-Christelike kerk gesê word wanneer van 'n begieting as "onderdompeling" gepraat word.

# 6. 'n Definisie van die Christelike doop

Die Christelike doop is deur Christus ingestel as die middel waardeur ons in die kerk van God opgeneem en van die ongelowiges onderskei word om sy eiendomsvolk te wees. Dit gebeur nie deur die uitwendige water nie, maar wel deur die besprinkeling met die bloed van Christus en die Heilige Gees wat ons sondes wegneem, waarvan die die doop 'n sigbare teken en seël is. Die doop word bedien deur besprinkeling met water in die Naam van die drie-enige God aan kindertjies van gelowige ouers deur bedienaars wat vir dié doel deur die kerk aangestel is.

Die doop geld vir ons hele lewe, en mag dus nie herhaal word nie.

'n Buitestaander word eers opgeroep om die boodskap van die evangelie te aanvaar, alvorens hy en sy gesin gedoop mag word.

Dr Willie Marais